Hallo Almal,

Hopelik is almal hard aan die oefen en voorberei vir die Kampioenskappe in September!

Aangeheg is ‘n hele spul dokumente, ek gaan so stap vir stap verduidelik:

1. **Lys van klasse 2011**: Dit is ’n lys van alle moontlike Saalperd, Plesierperd en Fries/Vlaam klasse. Sien ook asb bladsy 2 van hierdie dokument.
2. **E-mail Inskrywings** bestaan uit **3 sheets** wat volledig ingevul moet word en net so terug gemail kan word aan my. Daar is die algemene inligting, die gelde betaalbaar en die klasinskrywings per perd.
3. **Fax inskrywings** moet ook asb volledig ingevul word (indien nie gemail nie) en kan gefaks word aan my by 088625371.
4. **Algemene skoudrag** vir ruiters en perde bevat so kort uiteensetting van watter drag verpligtend is vir perde en ruiters. Ruiters en perde moet aan hierdie dragkode voldoen alvorens toelating te kry vir deelname aan ’n klas. Daar is ’n Saalperd afdeling en ’n Plesierperd afdeling.
5. **Friesperdreels** vir Namibie (asook Vlame). Dieselfde geld soos by die Saalperde en Plesierperde. Voldoen asb aan die dragkodes vir elke klas.
6. **Algemene Skoureels**, soos uiteengesit in die Huishoudelike Reels van die NSV.
7. **Etiese en gedragskodes**, soos uiteengesit in die Huishoudelike Reels van die NSV.

Ek vra asb almal se samewerking dat die inskrywings so volledig as moontlik, so gou as moontlik, sal inkom. **Finale sluitingsdatum vir inskrywings is VRYDAG 19 AUGUSTUS.**

Ek wil ook vra dat almal asb die inskrywings sal aanstuur vir almal wat moontlik wil deelneem aan die skou (wat nie op bogenoemde adreslys is nie) dat ons nie weer met ‘n horde inskrywings sit wat tydens die skou eers gedoen word nie.

Die klasse sal heelwat verander volgens die inskrywings, so daar is huidiglik geen voorlopige program beskikbaar nie! Die program sal eers opgestel word sodra al die inskrywings ontvang is. Dit word juis gedoen sodat die program se uitleg soveel as moontlik deelnemers sal pas, so ver as moontlik.

Charl Raes het gevra dat ek almal in kennis moet stel dat hy gras sal voorsien vir al die perde tydens die skou.

Kontak my gerus vir enige navrae.

Dankie

Ronel Slippers
SEKRETARESSE
SENTRAALSTREEK

Tel: 0812618550
Fax: 088625371